



# DIE OLIELAMP

Blad van die Jeug in die Vrye Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika

## LEEF JY?

*"U kan wag, my God.  
U het baie tyd.  
Ek nie.  
Help my lewe voor ek sterf."*  
Frans Claerhout

Ons almal staan in die oggende op en begin ons dag. Ons gaan slaap in die aande met ons gedagtes by die volgende dag. So gaan dit jaar in en jaar uit. Maar het jy jou al afgevra: "Leef ek regtig?"

Maar dan kom ons voor die volgende vraag - Wat beteken dit om te lewe? Die lewe bestaan tog uit meer as net jou werk doen, asem haal en die son te sien opkom en ondergaan?

Party mense lewe sonder om te leef. Hulle is te bang om self besluite te neem en verantwoordelikheid te aanvaar, daarom bly hulle altyd net toeskouers rondom die lewensbaan. Ander weer is so besig met die lewe en al sy bekommernisse en probleme dat die lewe ook by hulle verby gaan. Dan is daar ook weer die mense wat totaal verward is, hulle is so bewus van al die

onsekerhede rondom hulle dat hulle nie weet wat die regte keuse sal wees nie. Daarom bly hulle verward rond-tol.

Waar val jy in die lewe in? Wat is jou doel en funksie? Waarna strew jy? Dis hier waar ons as gelowiges verskil van die wêreld. Ons jaag nie agter eie eer en gewin aan nie. Ons het een doelwit: Ons lewe vir ons hemelse Vader wat die wêreld se leisels vas hou en altyd in beheer is.

Die stryd is vir ons op aarde nog nie verby nie, maar ons sing in Ps 119:62

*"Laat my leef; o Heer, dan loof ek!  
Laat my lewe om te loof!"*

Sterkte vir almal, mag 'Die Olielamp' 'n lig op julle pad wees.

Wilma Lubbinge  
nms Pretoria redaksie

### INHOUD

#### Uit die Woord

Gelykenis van die tien maadge 2

#### Oppad

Evolusie 3

Friedrich Nietzsche 4

Wat beteken VGK vir my? 6

#### Voel jy ook so?

Geld 7

Ons houding teenoor Jeugvereniging 8

Preke 9

#### Sosiaal

Deur die sleutelgat 10

Voetspoor 11

#### Studente

Wat is die mens? 12

#### Nog iets...

Boeke 13

Blokkiesraaisel 14

Gedig 16

Verjaarsdae 16

## GELYKENISSE (5) BLY VOLHARD!

Erica Nederveen

Na die profesie van die verwoesting van Jerusalem (Mat 23) begin Jesus met sy profetiese rede oor die toekoms en aansporing tot waaksaamheid. Die gelykenis van die vyf verstandige en vyf onverstandige maagde is 'n onderdeel hiervan.

In hierdie gelykenis word die koninkryk van die hemele met 'n bruilof vergelyk. Tien maagde is uitgenooi om as vriendinne van die bruid die bruidegom in te wag. Hulle moes sy pad verlig en hom feestelik begelei na die huis waar die bruid reeds vir die huweliksbevestiging wag. Daar word al vroeg in die gelykenis gesê dat vyf van die maagde wys en vyf onverstandig was. Die onderskeid kom hierin dat die vyf wyses ekstra olie vir hul lampe sameneem het en

die vyf dwases het dit nie gedoen nie en was dus nie gereed nie.

Die bruidegom het getalm om te kom. Hy moes eers afskeid neem van al sy kennisse en vriende. Die gevolg is dat die tien maagde aan die slaap geraak het. Sommige verklaarders meen dat dit die slaap van die dood is, waarin beide wys en dwaas omkom (Ps 49:11). Calvyn sien die slaap egter as die aardse dinge. Die mens raak daarin gewikkel en dit trek jou aandag af met die gevolg dat jy sorgeloos word.



Wanneer daar teen middernag geroep word dat die bruidegom oppad is, het die vyf dwase maagde nie genoeg olie nie. Oor die simboliek van die olie is daar nie eenparigheid nie. Sommige meen dat dit die Heilige Gees of die geloof is en ander sê dat dit net die neem van maatreëls op die langer termyn is. Wat egter wel gesê kan word is dat die olie nie gedeel kan word nie en die vyf dwase maagde moet gaan olie koop.

Die afloop van die gelykenis is skokkend. Wanneer die vyf dwase maagde terugkom is die deur gesluit en die maagde word nie meer ingelaat nie – heeltemaal in stryd met die Oosterse gasvryheid! Die bruidegom sê dat hy hulle nie ken nie. Ons moet hier goed onthou wat die betekenis van ken in die Bybel is. Dit is om te erken, lief te hê en te eer. Die vyf wyse maagde maak met hul lampe voorsiening om die bruidegom te eer.

Wat wil die gelykenis nou vir ons leer? Dit staan in die groter konteks van die wederkoms van Christus, wat kom soos 'n dief in die nag. Die vyf dwase maagde was nie voorbereid nie – en dit het vir hulle die ewige verdoemenis beteken. Ons moet dus leer om nie soos die vyf dwase maagde te wees nie, maar eerder soos die vyf wyse maagde.

Die vraag wat dus oorbly is: Wat het die vyf wyse maagde gedoen wat die vyf dwases nie gedoen het nie.

### Redaksies:

#### Pretoria:

Redakteur: Rinus Kamphuis (kamphuisrk@hotmail.com)  
 Sekretaresse: Karina Smit & Annet Lubbinge  
 Penningmeester: Arjan van Houwelingen  
 Lede: Willemien Kleijn  
 Wilma Lubbinge  
 Anita Zielman

#### Maranata:

Redakteur: Hein Smit (hein.smit@bmw.co.za)  
 Sekretaresse: Annemarie de Vente  
 Penningmeesteresse: Cora Visser  
 Lede: Margreet Bron, Frans Hagg

#### Kaapstad:

Redaktrise: Mirjam Raimond (mraimond@adept.co.za)  
 Artikeleversorging: Maartje Eefting  
 Margreet Moes  
 Sekretaresse: Christine van der Linden  
 Finansies: Jaco Haak

#### Kontakpersone:

Johannesburg: Wolter Bijker (wolter@global.co.za)  
 Bethal: Leclue Nienaber

#### Uitleg:

Gerhard Bijker (gerh@rd.co.za)

Ons hoop om *Die Olielamp* 10 keer per jaar uit te gee. Hierdie eksemplaar is ook elektronies beskikbaar by die volgende internet adres: <http://www.vgk.org.za/olielamp/>

Koste: R35.00 per jaar

Die verskil kom nie soseer in by die voorbereiding nie. Beide die dwase en wyse maagde trek op na die Bruilof – en het hulleself voorberei deur olie saam te vat. Die verskil kom egter in by die ingesteldheid en die volharding. Die wyses het geweet dat die Bruidegom so lank kan vat om te kom, en het genoeg olie saamgevat om die Bruidegom voluit – ja tot die end uit - te eer.

Ons moet dalk nog 'n lang tyd vir die bruidegom wag met die gevolg dat ons moontlik traag of gemaksugtig word – of dalk moed verloor. Dit is nie genoeg om vir 'n kort tyd vaardig en ywerig te wees nie, maar ons moet met onvermoeibare volharding voortgaan. Om ons daarin te help, moet ons wys wees en hulpmiddelle gebruik om teen die Satan staande te bly. Laat ons dus in alles wat ons doen – dit met bewustheid tot eer van God se Naam doen.


*Op pad*

## GELOOF & EVOLUSIONISME VERSOENBAAR?

Sandra Scheltens

Die Bybel leer dat die mens as die gebruiker en bewaarder van die natuur aangestel is. Die ondersoek en verstaan van die skepping het dan ook 'n inherente deel van die menslike beskawing geword. Maar in die uitvoering van hierdie wetenskapstaak stel wetenskaplikes soms teorieë daar wat in konflik is met dit wat die Bybel leer.

nie, maar wil tog sekerlik die eksamen slaag. 'n Redelike benadering sal wees om te argumenteer dat wetenskaplike teorieë nuttig is om ten minste sommige van die waarnemings te verklaar, maar hulle behoort in die laaste instansie geëvalueer te word na die mate waarin hulle daarin slaag. Meer nog, die vraagstukke geassosieer met die oorsprong van biologiese lewe en spesies is so ingewikkeld en moeilik dat 'n mens nie



Bybelgelowige ouers, leerlinge en studente word dikwels ernstig ontstel deur dogmatiese onderwysers en teksboeke wat sonder om dit te besef, Darwinisme (ewolusieleer) onkrities propageer met soveel entoesiasme dat dit oorgaan tot ewolusionisme in 'n filosofiese sin. Die vraag is nou: Wat moet die jong persoon se reaksie wees? Hy of sy wil graag verstaan en waardeer wat die natuurwetenskap van die dag leer, maar wil ook nie die betrokke onderwyser te na kom

moet verwag of aanvaar dat die uiteindelijke waarheid bereik is nie.

Die uiteindelijke punt van konflik lê nie by wyse van spreke by Adam en die aap nie. Vanuit Bybelse perspektief is daar in die verlede veels te veel klem gelê op hoe die mensheid op die toneel verskyn het en in die proses is die hoofverskil tussen die Christelike boodskap en die ewolusionisme nie raakgesien nie.

Volgens die evolusionisme is die mens vandag die eindprodukt van 'n kontinue lyn van ontwikkeling wat 'n aanvang neem met die inerte stof. Sommige mag dit selfs as vanselfsprekend aanneem dat jy met niks begin nie en dan oorgaan tot die stof, ensovoorts. Elke punt op die kurwe is die toevallige resultaat van die vorige punt en daar is geen behoefte aan rigtinggewende invloede van buite af nie.

Volgens die Christelike boodskap is die mens se oorsprong beplan deur die Skepper. Die Bybel leer dat hy/sy deur God geskape is, wat beteken dat hy/sy die vermoë het om te kies, te redeneer, lief te hê, waarheid

en skoonheid te waardeer en geniet, ensovoorts. Die mens het in 'n persoonlike verhouding met God geleef, maar hierdie verhouding is versteur vanweë die gewillige samewerking van die mens met die magte van die kwaad. Die mens is dus 'n gevalle wese in geestelike sin en kan nie die opwaartse geestelike herstel van die verhouding met God vermag anders as deur die kruis van Christus nie.

**Om op te som: die eintlike probleem met die evolusionisme is dat dit geen ruimte vir 'n Verlosser bevat nie en daarom kan die Christendom nooit daarmee tot 'n versoening kom nie.**

---

## “GOD IS DOOD!”

Friedrich Nietzsche (1844-1900)

Nonka Byker

Friedrich Nietzsche was 'n filosoof wat die mens van sy tyd opgeroep het tot 'n geheel nuwe persepsie van die menslike bestaan. Hiermee 'n kort oorsig oor die leer en lewe van hierdie filosoof.

Nietzsche was 'n alleenlopende denker wat die grootste deel van sy lewe spandeer het aan boeke skryf in 'n poging om die kragtige invloede van sy kindertyd te bowe te kom: Lutherisme, Duitse nasionalisme en die dominansie van sy streng ma, ouma, tannies en suster. (Sy pogings was in sommige gevalle meer suksesvol as in ander!) Die uitkoms van hierdie pogings van hom het gelei tot van die mees eksentriekste boeke wat ooit in die geskiedenis van die filosofie gepubliseer is, met titels soos *The Birth of Tragedy*, *Beyond Good and Evil*, *The Genealogy of Morals*, *Thus Spoke Zarathustra* en sy verregaande outobiografie, “beskeie” getiteld *Ecce Homo* (“Dáár is die mens!” – die frase wat Pilatus gebruik het toe hy Jesus aan die massas oorgelewer het – Joh 19:5). Die outobiografie se hoofstukke was met titels bekroon soos “Why am I so wise”, “Why am I so clever” and “Why I write such good books”. (Heel duidelik het Nietzsche hoegenaamd nie 'n probleem gehad met 'n swak selfbeeld nie!) Nietzsche se skrywersloopbaan is egter in 1888 kortgeknip deur syphilis-geïnduseerde kranksinnigheid.

Nietzsche se teorie word dikwels na verwys as “perspektiefisme”. Hierdie teorie spruit hoofsaaklik voort uit Nietzsche se bestudering van antieke tale, veral



die van die Bybel, The Vedas en The Iliad. Hy het egter nie die geskifte beskou as direkte vertalings uit een enkele bestaande dokument nie, maar eerder as samevoegens van gedeeltes van geskifte wat in direkte konflik met mekaar gestaan het. Nietzsche en sy kollegas se droom was dan om dié oorspronklike teks van elk van die geskifte te vind. Nietzsche se konklusie was dat daar geen oorspronklike teks vir enige van die geskifte bestaan nie. Hy was van mening dat al die geskifte bloot 'n produk was van iemand se besluit om 'n sekere interpretasie aan die eindprodukt van die geskifte te verleen, al was die eindprodukt dan bloot 'n embleem van 'n verhouding wat bestaan het tussen 'n aantal gefragmenteerde dokumente, verslae, historiese studies en skinderstories.

Nietzsche het hierdie siening van hom deurgetrek na sy filosofiese leer: net soos daar geen oorspronklike teks bestaan nie, net soos is daar in realiteit geen suiwer

wese of menslike bestaan nie. Daar is geen gode, platoniese vorme, geen substansie, geen “dinge-in-hulself” of selfs “dinge” nie. Die realiteit bestaan net uit chaos waarop die mens sy wil moet afdwing. Dus, volgens Nietzsche, is daar nie so ‘n ding soos “kennis” nie. Alle kennis is blote uitvindings en alle uitvindings is blote leuens. Nietzsche tref egter ‘n onderskeid tussen leuens en leuens: ongeloofwaardige leuens is blote self-verleiding en volgens Nietzsche is self-verleiers mense wat “tradisionele leuenaars” is – mense wat leuens binne die grense van die vasgestelde en algemeen aanvaarde normes en waardes van die sameling vertel.

Nietzsche se aanbeveling aan hierdie (en volgens hom “alle”) mense wat verdoem is tot ‘n lewe van leuens, is om dan maar eerder kreatief te lieg! Dit noem Nietzsche die mens se “Wil tot Krag”. Om uitdrukking te gee aan jou wil tot krag is om die werklikheid om jou te dwing om onderdanig te wees aan jou eie kreatiewe mag. Nietzsche noem ook hierdie “wil tot krag” die “aansporing tot vryheid”. Al ons biologiese instinkte druk hulself uit as manifestasies van ons begeerte om vry te wees, al word hierdie instinkte onderdruk deur die normalisering van die samelewing.

Nie net is ons biologie nie, maar ook ons gedagtes en taal, blote manifestasies van ons wil tot krag. Terselfdertyd is ons gedagtes en taal ook die medium van ons self-verleiding. Volgens Nietzsche funksioneer taal net deur leuens, dit is, deur die werklikheid te ontken en eerder ‘n fiktiewe werklikheid te skep wat grootendeels ooreenstem met die werklike realiteit.

As dit dan waar is dat daar net blote interpretasies van die werklikheid is, is alle interpretasies dan ewe geldig? Ten spyte van sy relativisme, het Nietzsche nie so gedink nie. Slegs leuens wat die werklikheid verklaar, is “edele” leuens. Alle ander leuens is verleidend en verdoem die mens tot ‘n lewe van onkunde. Daarom moet die mens se “wil tot krag” gevul wees met vreugde, blydschap, ‘n fokus op die teenwoordige tyd en met ‘n afkeur aan Christenskap, omdat die Christen in sy verlange na die nuwe aarde die werklikheid soos dit is ontken.

Nietzsche verwoord hierdie leer van hom in “die Overman” (der Übermensch). Die Overman verteenwoordig die triomf van die wil tot krag. Dit is ook in die Overman waar ons “die dood van God” vind. Tot op hede kon daar nog nie presies vasgestel word wat Nietzsche presies bedoel het met die “dood van God” nie. Die een moontlikheid is dat Nietzsche die

einde van tradisionele outoriteitsvorme wou aankondig: histories, politiek, religieus, moreel en tekstueel. ‘n Ander verklaring meen dat Nietzsche nie deur hierdie stelling wou verklaar dat God nie bestaan nie. Hy wou eerder wou sê dat die Christen se geloof nie ‘n saak van sy hart is wat hom vreugde verskaf nie, maar ‘n saak is wat hy met sy verstand beredeneer uit ‘n vrees vir die hel. God word dan nie ‘n integrale deel van jou lewe nie, maar is verhef tot ‘n wese ver buite bereik wat hom dan as’t ware “dood” maak. Om die konsep duidelik te maak, wil ek in alle eerbiedige respek die volgende voorbeeld maak: vergelyk Nietzsche se konsep van “God is dood” met ‘n ouma/oupa wat ver van jou afbly. Jy weet jou ouma/oupa lewe nog, hulle is deel van jou lewe, maar nie van jou onmiddellike bestaan nie. Jy bel of skryf nooit aan hulle nie en jy kan ook nie regtig sê dat jy hulle ken nie. Miskien, as jy (on)gelukkig is, sien jy hulle so eenkeer ‘n jaar. Jy dink nooit aan hulle nie en jy wonder nooit hoe dit met hulle gaan nie. Tog het jy ‘n veraf gedagte dat hulle wel lewe, maar omdat hulle nie ‘n deel uitmaak van jou daaglikse lewe en omgewing nie, is hulle dus in wese vir jou “dood” (i.e. “nie daar nie”). Nietzsche wou dus nie sê (as hierdie verklaring waterhou) dat God “nie daar” is nie, maar dat die mens Hom verhef tot “nie daar wees nie”. Die Christen wat skynheilig lewe maak God dus “dood” in sy eie lewe. God word dan die “oupa” wat hy eenkeer ‘n week in die kerk sien, maar die res van die week skenk hy nie eers ‘n halwe gedagte aan God se wese, bestaan en wil in sy/haar lewe nie. (Wat Nietzsche se siening dan nogal skokkend sense laat maak!)



Dit is maklik genoeg om Nietzsche se inkonsekwentheid en foutiewe logika te kritiseer. (Hoe kan ons die lewe “bewil” as daar nie so iets soos lewe of wil is nie, maar bloot interpretasies van interpretasies is? As alles ‘n leuen is, is die aanspraak dat alles ‘n leuen is, nie net ook ‘n leuen nie?) Miskien was Nietzsche se punt nie om konsekwentheid of logika te leer nie, maar ‘n vorm van subjektiwiteit. Daar is egter ‘n prys om te betaal

vir hierdie subjektiwiteit, met volgelinge waarvoor jy dalk nie gehoop het nie. En inderdaad het 'n aantal onderskeie groepe die Nietzsche-idee aangehang, insluitende die Nazi's, sommige psigo-analiste (onse Freud is een van hulle – vergelyk maar sy teorie, wat by tye (on)gelukkig ook in 'n mate sense maak – maar dis 'n artikel op sy eie) eksistensialiste en huidiglik 'n groep wat hulself die “dekonstruksioniste” noem.

Nietzsche wou dalk die mens oproep om 'n bietjie te dink oor sy lewe. Dalk wou hy die Christen skok, sodat ons sal beseef dat ons (nie in alle gevalle nie) 'n lewe van skynheiligheid lei en dat die beseef ons sal dwing om met nuwe ywer en oorgawe ons lewens aan God in totaliteit oor te gee. En as dit 'n halwe idee van Nietzsche was, wat nou net my blote spekulasie is, dink ek dat so stelling soos “God is dood” nie noodwendig 'n slegte ding is nie. Ja, dit is 'n verregaande en godslasterlike ding om te sê, maar die goeie lê daarin dat dit die Christen op sy agterpote het om sy God se

wesenlike bestaan te verdedig – en om iets te verdedig moet jy self eers 'n vaste geloof en 'n vasstaande kennis daarin hê. Dit kan lei tot 'n herevaluering van jou lewe en motiewe en 'n gebed tot God om jou geloof in Hom te vernuwe en te grondves, sodat jy nie bloot uiterlik deel van die gemeente is nie, maar 'n lewende lid daarvan.

Ek sluit af met 'n grafitti wat vir lank teen 'n muur in Johannesburg geskryf gestaan het en wat veel verder strek as 'n paar woorde teen 'n muur:

“God is dood”  
Nietzsche

“Nietzsche is dood”  
God

Hierdie artikel is 'n feitlike weergawe van die leer en lewe van Friedrich Nietzsche en nie noodwendig die opinie van die skrywer nie!

---

## VGK- HOEKOM ?

Floris Visser

**As iemand jou vra: Hoekom is jy in die VGK? Vat jy dan maar die maklike pad: Omdat my ouers in daardie kerk is?**

Of het ons al regtig nagedink oor hoekom ons na die VGK gaan? Gaan ons dus uit gewoonte kerk toe of doen ons dit regtig omdat ons wil? Ons moet daarom ook self studie maak van die leer van die kerk. As ons dit wil doen moet ons ook na artikel 29 van die NGB kyk, waar die kenmerke van die ware en valse kerk vir ons opgeskryf is. Ons moet in die kerkverband dus nie alles as reg aanvaar nie, maar self ook aktief wees in die klerkverband. Ons moet self ook die VGK daaraan toets en as moeite daarmee het, met mense daarvoor praat.

As ons dan na artikel 29 kyk, sien ons dat die ware kerk die evangelie suiwer bring, die sakramente suiwer bedien en die kerklike tug broederlik toepas.

Doen ons kerkverband dit? Bring ons die suiwere evangelie? Bedien ons die



sakramente soos Christus dit ingestel het? Pas ons die broederlike tug toe? Sover ons dit kan sien wil die kerkrade en gemeentes ernstig wees met hierdie drie aspekte. Ja, ons predikante is en word in die diens van die Here opgelei en het ook vooraf belowe om geen deel van God se woord te betwyfel nie en as hulle 'n deel van die belydenis-geskrifte betwyfel moet hulle dit eers aan hul kerkraad voorlê, voordat hulle dit publiseer. Die doop en nagmaal word ook nog altyd bedien soos Christus dit ons geleer het. Ons doop klein kinders, omdat Christus self gesê het dat ook die klein kinders tot Hom kan kom. Die tug word ook nog volgens Christus se wil toegepas.

Ook ons as lidmate het 'n verantwoordelikheid volgens artikel 29 om die kerk te toets. As die lidmate opreg stry teen die sonde kan ons sê dat die kerk 'n ware kerk is. Gebeur dit in ons gemeentes? Laat ons so hoop! As ons hierin 'n swakheid by

onsself vind moet ons die Here ook vra om ons te help  
stry daarteen.

Daar sal natuurlik altyd by ons die wete wees dat ons  
ook in die kerk is, omdat ons ouers daar was en dis nie  
verkeerd nie. Ons kan dankbaar daarvoor wees! God  
het ons die weg makliker gemaak en ook ons ouers op  
die regte pad gehou. Vir sommige van ons was die

pad tog moeiliker. God het dit ook met 'n rede gedoen.  
Hy wou ons op 'n ander manier geleer het dat ons by  
sy Wil moet bly lewe.

Ons moet nie passief bly en aanneem dat alles goed  
gaan in ons kerk nie. Laat ons aktief werk in God se  
koninkryk!

*Voel jy ook so?*

## "EK SAL ALLES DOEN VIR 'N VET BEEMER, GROOT LUUKSE HUIS EN BAIE GELD OM TE SPEND."

Andreas Boon

Ek is seker baie van ons het al baie met die woorde van  
hierdie titel te doen gekry. Tien teen een met 'n  
medestudent, kollega of selfs iemand uit die kerk. Dit  
is vandag in 'n westerse samelewing normaal om 'n hoë  
'lewenstandaard' te volg.



Almal wil 'n nuwe blink motorkar ry. Selfs onder die  
kinders kom ons dit agter. Wie hou daarvan as jou ma  
jou met 'n ou lelike skedonk by die skoolhek kom  
oplaai.

Gaan ons samelewing nie te ver nie. Raak ons nie te  
verknog aan materieële dinge nie?

Maar dan kan ons sê: "Almal lewe so, en as jy nie by  
bly nie raak jy agter." Dit is waar, die hele westerse  
samelewing het die alfa en die alfa en omega geword.  
Daar word voortdurend gestreef na ekonomiese groei  
ten koste van menslike en natuurlike hulpbronne wat  
geëxploiteer word.

Hoekom moet daar voortdurend ekonomiese groei  
plaas vind? 'n Eenvoudige antwoord is omdat die  
mens se behoeftes voortdurend toeneem, die mens wil

steeds meer besit. Ons het eintlik klaar genoeg, maar  
nog 'n ekstra motorkar sal tog soveel gemakliker wees.  
So moet daar dus 'n ekstra motorkar vervaardig word  
en as almal so dink moet daar elke jaar meer en meer  
motorkarre vervaardig word. Die huidige ekonomiese  
stelsel is dus gebaseer op die mens se hebsug om  
steeds meer en meer te besit. Mense dink dat hulle  
gelukkiger sal wees met meer besittings en meer geld.  
Tog bly sulke mense ongelukkig ook al het hulle 'n  
magdom van materieële besittings.

Ons as christene moet materieële besit anders beskou.  
Ons inkomste en besittings is 'n gawe van die God.  
God wil ook hê dat ons verantwoordelik met hierdie  
gawes omgaan. Hoe meer mens se inkomste en  
besittings hoe groter is ook mens se verantwoor-  
delikheid teenoor God. God beveel ons om oor die  
skepping te heers. Dit beteken dat ons mag benut van  
dit wat God ons gee. Dit beteken nie oor benut nie. As  
ons aanhou en aanhou met die produsering van  
produkte en verbruiksgoedere sal die aarde se  
hulpbronne dit nie meer lank volhou nie. God beveel  
ons ook om vir die armes te sorg. Dit beteken dat jy  
nie arm mense moet uitbuit nie. Gee vir die arbeider  
wat sy loon werd is.

As ons besef dat die besittings wat ons het alleenlik  
genade van God is en dat hierdie besittings ook maar  
net tydelik is, dan is ons baie gelukkiger as mense wat  
hul hele lewe agter geld en besittings aanjaag. As  
christene weet ons ook dat ons na hierdie lewe die  
ewige lewe sal beërwe deur die kruisdood van Jesus  
Christus. Mag ons ook so besef hoe baie ryker ons is  
deurdat ons vrygekoop is van die sondes. Uit  
dankbaarheid moet ons dan die besittings wat ons uit  
genade van God ontvang, verantwoordelik bestuur.

# JEUGVERENIGING

Christine van der Linden

**Jeugvereniging. Wat sê dit vir jou? Het dit enige nut? Geniet jy Jeugvereniging? Die afgelope paar maande beleef ek 'n negatiewe sfeer rondom JV. Myself inkluis. (Ek praat nou vanuit 'n Kaapse oogpunt.) Dit het my tot nadenke gebring en dus uiteindelik die motivering om hierdie artikel te skryf.**




As ek die vraag sal vra of JV enige nut is en of JV geniet word, dink ek dat die meerderheid se antwoord negatief sal wees. Wat ek baie jammer vind, want ons kan so baie vir mekaar leer, self alleen vind mens nooit al die antwoorde op vrae nie. As lid van die JS in die Kaap wil ek die vrymoedigheid neem om te sê dat dit op die oomblik 'n groot probleem is vir die JS. Ons sit met ons hande in ons hare oor hoe ons oplossings probeer vind om JV meer effektief te maak. Ons het JV-vergaderings geskuif na Vrydae vroegeande (genoeg vir ontspan na die tyd en ook die tyd wat vir almal die beste gepas het). Die opkoms was so swak dat ons JV moes terug skuif na Sondag.

Waar lê die fout dan? By die JS? Die punt van die artikel waar ek graag by wil uitkom is dat ons almal uiteindelik alleen voor God te staan kom. En dan tel alleen dit wat **jy** gedoen het. Dus op die ou einde is dit nie die JS of jou ouers wat 'n verskil moet maak nie maar **jy**. Ons kan mekaar help om by die water te kom maar ons moet self drink. Voor ons nie ons eie houding van binne gaan verander nie, gaan JV ook nie verander nie. Voor ons nie JV toe gaan om iets te **wil** LEER nie, sal dit nooit verander nie en niks beteken nie.

Dit maak nie saak watter probleme daar mag heers nie. Die Kaap mag dan skielik 'n 'jong' jeug geword het maar dis beslis nie 'n verskoning nie. Dit is wel maklik om dit as verskoning te gebruik. Ons is almal oud genoeg om self te besef waaroor JV veronderstel is

om te gaan. Jy is oud genoeg om te besef jy sit nie vir jou ouers by JV nie. Die tyd vir vinger wys is verby, ons almal moet daai vinger omdraai en by onself begin. Die resultate sal verbasend wees. Ek moet ook nou skielik aan die ou gesegde dink: Waar die hart van vol is loop die mond van oor. Dit geld net so vir ons geloof ook. Hoekom staan ons terug vir die wêreld?



Ek hoop die artikel is stof tot nadenke. Dink na oor die saak, kyk in jou hart. Kom ons lig ons koppe, verander ons slap houdings en kom ons sien uit na JV. Ek bid dat God ons elkeen die krag sal gee, die Heilige Gees in ons hart sal werk sodat JV weer 'n leerskool kan word. So kan ons onself verdedig teen die wêreld, want sonder kennis is ons niks.


Ek sluit af met twee tekste:

## **1 Kor. 15:34**

- *Wees nugter op die regte manier, en sondig nie; want sommige het geen kennis van God nie. Ek sê dit tot hulle beskaming. – en;*

## **Jes. 5:13a**

- *Daarom gaan my volk in ballingskap weens gebrek aan kennis, ...*



God het geen geduld met ons as ons nie uit Sy Woord wil leer nie (kennis). Dis immers die basis van ons hele bestaan!



## DIS WEER TYD VIR DIE KAAPSE KONGRES .... KOM GENIET DIT SAAM MET ONS!

TEMA: Geloofsbeleving - Persoonlik; Tussen gelowiges; In die wêreld  
DATUM: 26 – 30 Desember 2000  
PLEK: Hawekwa Jeugterrein te Wellington  
DRAG: Vir Kongresete – Sixties!

Navrae: Mirjam Raimond                      Tel: (021) 948 5890  
E-mail: mraimond@adept.co.za

Sien julle daar!

## PREEK IS MOEILIK - GOED LUISTER OOK

Johan de Vente

'n Predikant sal aan die begin van sy amptelike loopbaan 'n paar vrae aan homself vra naamlik hoe sy preke by die gemeente uit kom of oor kom? En wat verwag die gemeente van 'n preek ?

Die moeite verbonde aan die maak van 'n goeie preek, word deur die gemeente dikwels onderskat. Hoe dikwels word 'n predikant nie in sy voorbereidings werk gesteur nie omdat ander pastorale werk sy aandag vra? Ons moet dus versigtig wees om kritiek te maak hierop. Want preek is moeilik, maar dit is 'n goddelike opdrag.

### Die erns van die erediens

Ook om goed te luister na 'n preek is ook 'n goddelike opdrag! Wat mag ons van die preek verwag? Seker geen afkeurenswaardige titel. Wat doen ons by die luister van 'n preek? Sit ons onder uitgesak en wag wat die dominee nou weer te sê het? Wat doen ons eintlik in die kerk, hoekom kom ons daar? Alleen om na die preek te luister? Daar is verskille ten opsigte van die inhoud en verloop van 'n erediens.


Daar is ook verskille in eredienste tussen die Ou – en Nuwe Testament.

In die Ou Testament was die eredienste meestal meer seremonieel. Die oordra van die Woord van God was deur God toe vertrou aan die profete. Maar in die tempel was die die sigbare diens van die versoening. Daar was die brandofferaltaar sentraal. Eers as die skuld daar versoen was dan kon die priester die tempel binnegaan om by die reukofferaltaar sy gebed voor die volk uit te spreek. Laasgenoemde het alles gepaard gegaan met dank en lofprysing - omdat die HERE, Jahwe aanwesig was. Hy het bo op die gerubs van die ark getroon. Hieruit kan ons sien dat die uiterlike vorm van die erediens verloop anders is as in die Ou Testament. In wese is daar geen verskil want Die HERE is by altwee aanwesig. Christus het immers gesê: "Waar daar twee of drie in my Naam vergader, daar is ek in hul midde."

As ons in die kerk is moet ons altyd beseft dat die HERE werklik aanwesig is en as ons na die kerk gaan, dan verskyn ons voor sy aangesig. Dan bly die preek in die erediens die sentrale moment.

In die volgende uitgawe kyk ons na die inhoud van die preek





# Rehobot

Gen 26:22 : " Nou het die HERE vir ons ruimte gemaak "

Jeug van die Vrye Gereformeerde Kerk te Bellville

## DEUR DIE SLEUTELGAT

Van Augustus af is die Kaapse jeug al goed op dreef met die kongres reëlings. Daar word 'n paar geldinsamelingsprojekte beoog. Chrisjan doen nogsteeds 'n beroep op almal om hulle ou klere in te samel en te bring. So - gaan krap in jou kas. Hoe veel klere is daar wat jy nooit meer dra nie? (Daar is iemand wat op Theo se klere aas. Hy gaan uitverkoop wees voor die verkoping begin.) Moenie op 'n diëet gaan nie; koop vir jou groter klere – en gee die te klein klere vir die jeug. Moenie dat jou pa dit onderskep vir olielappies nie. Alles is goed genoeg. Ons hoor daar is 'n groot mark vir ou klere en ons wil groot geld maak!



Augustus is 'n maand vol verjaarsdae. Twee dames het ook een en twintig geword. Baie geluk aan Margreet en Mirjam! Ons JVB voorsitter Ernst het ook verjaar en ons almal by sy huis getraakteer op baie, heerlike koek. Corrien was baie opgewonde oor die chips wat jy voorgesit het, Ernst en besluit almal SAL in vervolg dieselfde chips aankoop vir koffiedrinke. So nou weet almal: Simba se nuwe reeks chips is op jou inkopielys as jy die jeug nooi. O ja, en almal met rugprobleme, Chrisjan het die oplossing. Vra maar vir Christine; sy lei hom op in die fyner kuns van masseer. Die alewige speletjies spelers olv Ewart moes hierdie

keer ook tevrede wees met Kaaskwartet, aangesien Ewart sy kaart by die huis vergeet het.

Nog iets oor Mirjam se verjaarsdag: Was dit nou vir jou 'n groot social! Al die ou groot kokkedore het 'n slag weer bymekaar gekom (ek praat nou van mense soos Erik Raimond, Riaan, Johan, Ernst, ens.) en het hulle nie vir jou geparty nie. Hulle was so bly om mekaar weer te sien.

Jeugvereniging is terug Sondag toe, nadat almal besef het dis beter so. Alles is weer terug na normaal. Nog net nie die bywoning nie. Ons moet binnekort weer 'n groot social hou. Die Chinese ete was 'n groot sukses. Dankie nog aan Carina en Christine. Ons moet voortbou daarop. Enige voorstelle?



Sterkte met almal se eksamens en geniet maar die opkomende vakansie. Veilig ry en veilig bly. Dis jammer dat die tydelike Lente wat ons gehad het nou oor is, maar dit sorg darem dat ons hierdie somer nie 'n watertekort sal hê nie. So: die mense wat nou hulle heerlike see vakansies beplan het en wat nou platval: tel julle seëninge!

Die Sleutelgatloerder

# VOETSPoor

Die rekord eksamens en die matriekafskied is nou verby en die eindeksamens lê nou voor. Maar dit lyk nie asof die eksamens die jeug regtig beïnvloed het nie. Daar het al weer 'n klomp dinge gebeur.

Die studente vereniging was weer bedrywig. Ons het Tukkies se gronde vir hierdie geleentheid ingevaar. Oom Harry Bijker het ons meer ingelig oor hoe ons nie met ons geld moet omgaan nie. Hy het ons meer geleer van die ekonomie van die land. Dit was baie interessant gewees. Nou weet ons ook waar die B.Com mense vandaan kom. Na die tyd het ons nog lekker gekuier en so 'n paar van ons hongerige medestudente het die geleentheid aangegryp en 'n stukkie vleis gebräai. Daarna is daar grappe en ander snaakse ervarings met mekaar gedeel, 'n heel geslaagde aand.

Dan het ons ook nou van Andreas Boon afskeid geneem. Hy het besluit om 'n bietjie oorsee te gaan kyk en het in Nederland beland. Daar wil hy blykbaar verder gaan "swot" of so iets. En wanneer kom hy terug? Dit kan ek julle nie antwoord nie, want hy weet self ook nie.



Op 'n Saterdagavond is ons uitgenooi na "Moppen Toppers"-aand. Dit is gereël deur 'n klein jeugvereniging. Vir die van julle wat nie daar was nie of nie daarvan gewet het nie sal ek gou vertel wat daar gebeur het. Dit was 'n kompetisie waaraan 4 deelnemers deelgeneem het. Hulle moes elkeen klomp grappe vertel. Die lagspiere van die gehoor het behoorlik gewerk. Die beoordeelaars het dan punte toegeken aan die grappe. Hein Smit het as wenner van die aand uit die stryd getree.

JV Ligdraers het die vroeë oggend ure op 'n Saterdag getrotseer om motorvensters te gaan was. Hierdie aksie was ten bate van die kongres. Hulle was reeds om 6:30 op hulle pos. Voetspoor was nou nie self daar nie, maar




het gehoor dat dit 'n sukses was. Ons is bly dat daar nog mense is wat bereid is om op 'n Saterdag so vroeg op te staan, want dit is vir Voetspoor maar 'n stryd so vroeg in die more.



Gelukkig lê die vakansie ook darem weer vir ons voor, al is dit nou net 'n week. Soos my ouma-grootjie altyd gese het: "'n Halwe eier is beter as 'n leë dop". Dus aan die van julle wat so bevoorreg is om vakansie te hou, geniet dit ten volle en rus goed uit.

Verder is daar in Pretoria ook weer twee Nederlandse dames, stage lopers, Linda Douw en Jorienke Heins. Hulle is hier vir 10 maande tot halfpad volgende jaar en doen praktiese ondervinding by 'n kinder tehuis in Germiston. Voetspoor hoop dat hulle 'n aangename ervaring in Suid Afrika mag hê en goeie aansluiting mag vind by die jeug in die VGK.

Wel, dis al van my kant af.  
Voetspoorgroete



## WAT IS DIE MENS ?

Verslag van studente vereniging gehou op 28 Julie 2000

Cora Visser

Nadat ons (die studente vereniging) onself almal geïnstaleer het op die stoele het Ineke eers almal welkom geheet. Daarna het sy met gebed geopen en Dr. Durand aan die woord gestel. Hy het Genesis 1:26-28 en Genesis 2:7 gelees en weggespring met: Wat is die mens?



### Maar wat is die mens nou eintlik ?

- Die mens is die beeld van God
- Die mens is man en vrou en albei ewe veel beeld van God
- Die mens is liggaam EN siel

Nadat ons saam tot hierdie antwoord gekom het, het ons gaan kyk wat dit nou eintlik vir ons beteken.


Die heidene kom tot amper dieselfde gevolgtrekking, behalwe dat God by hulle nie in tel is nie. En dit net deur die wetenskap en waarneming. Hulle kan hul herkoms uitredeneer en fantaseer, maar hul bestemming is, selfs vir die mees geleerdes, onseker. Gelukkig het ons die sekerheid van die Bybel.

Het jy al ooit aan jouself gedink as iemand met 'n ander liggaam elke jaar? Nee? Ek ook nie tot die

betrokke aand. Deur die jaar word al jou selle afgebreek en nuwes gevorm. En na 'n jaar is jy 'n 'ander' mens...

Aborsie het ook aan die orde gekom. Ons het antwoorde gekry op vrae soos "Wanneer is 'n baba 'n regspersoon?" Volgens die wet het 'n baba 'n reg van lewe nadat hy/sy die eertse keer asem gehaal het. 'n Definisie van 'n regspersoon is dus 'n mens wat lug in plaas van vloeistof in sy longe het. Maar ons word tog ook nie gedefinieer as dit wat in ons derms of maag is nie ?

Van baba tot tiener en van tiener tot volwassene is daar ontwikkeling. Hierdie stadiums van 'n mens in ontwikkeling word wel erken as 'n regspersoon. Hoekom dan nie 'n embrio, wat tog ook 'n mens in



ontwikkeling is, wat in ontwikkeling is om 'n baba te word nie ?

Wanneer ons sterwe gaan ons siel hemel toe om die jongste dag af te wag. Om dan met 'n vernuwe liggaam God te kan loof en prys. So kan ons sien dat ons bestemming seker en veilig is by God. Jesus is al klaar in die hemel besig om vir ons almal 'n plekkie reg te kry!

Laat ons nooit vergeet hoe bevoorreg ons is om gelowige kinders van God te kan wees nie!


Na die 'praatjie' is ek al vinnig huis toe, maar daar was oorgenoeg pannekoekbeslag. En daar was weer koeldrank te koop en 'n lekker gesellige atmosfeer was ook aanwesig. Tafeltennistafels, pooltafels en vingerborde was ook gereed. Die res van die aand laat ek dus aan julle verbeelding en ervaring oor...

## BETRAYED! - STAN TELCHIN

Hoe sou jy voel - jy is suksesvol, 50 en 'n Jood - en jou 21 jarige dogter vertel jou dat sy in Christus glo?

Dit is 'n ware verhaal wat in die boek vertel word. Van die skrywer wat sy hele lewe 'n Jood was en aktief aan die Joodse gewoontes deelgeneem het, al het hy min sinagoge toe gegaan het hy hom as 'n voorbeeldige en gerespekteerde Jood gesien. Skielik word hy met die Christelike geloof gekonfronteer. Hy besluit om sy dogter terug te wen deur vir haar te wys hoe verkeerd sy is. Om genoeg ammunisie te versamel begin hy om die Bybel te bestudeer, maar wat hy gevind het was presies die teenoorgestelde. Hy het 'n God leer ken waarvan hy al die jare onbewus was, van 'n Boek geskryf deur Jode vir (onderandere) Jode. Stan vra homself af: 'Waarom glo ek?' En daarmee begin sy studie na die Waarheid.

**Betrayed!** Is 'n reis saam met die skrywer waar tydens jy weer met nuwe blydschap en dankbaarheid na jou geloof kyk, en weet Christus leef!




## PIETERNELLA VAN DIE KAAP - DALENE MATTHEE

Na haar onlangse boeke (*Brug van die Esels*, en *Susters van Eva*) is dit wonderlik om weer 'n boek van dieselfde kwaliteit as *Fiela se kind* en *Kringe in 'n bos* te lees. Die deeglik nagevorsde historiese roman vertel 'n ware lewensverhaal.


**Pieterrella van die Kaap** gryp jou aan, maak jou betrokke en hou jou vas vir 643 bladsye. Dit is die lewensverhaal van Pieterrella, dogter van die Kaapse dokter - Pieter van Meerhoff en Eva Krotoa, die Hottentottin. Eva wat skakel moet wees tussen twee wêrelde, sy sê: "Toe word ek 'n tweekopvrou. Een is Eva, en een is Krotoa. Jy moet slim wees om 'n twee kop vrou te wees. Jy moet leer om te seil soos 'n slang sodat die leeu nie wakker word nie!" Na haar ma se vroeë dood word Pieterrella en haar broer, Salomon, as voogkinders na Mauritius gestuur. 'n Jeugdige huwelik word haar redding, maar sy bly bewus van haar verbindtenis met Eva-Krotoa. En woed daar 'n storm binne haar oor sy wit en bruin in dieselfde lyf is. Hoe sal haar kinders lyk? Is sy werklik 'n halfslag-mens?

Maar op die straf-eiland waar 'hemel en hel in een doek toegedraai is' leer sy om haar eie leef te leef. En kom aanvaarding soos 'n sagte doek om haar lê.



# BLOKKIESRAAISEL

Spr. 19:2 “Ywer sonder kennis deug nie; oorhaastigheid bring foute.”



Dit is nogal snaaks hoe waar woorde betekenis kan kry op plekke waar jy dit nooit verwag het nie. Hierdie blokkiesraaisel is dieselfde een as in die vorige uitgawe, maar die keer met 'n volledige stel leidrade. Lyk my die woorde “Ywer sonder kennis deug nie; oorhaastigheid bring foute” soos bo in die blokkiesraaisel was nie slegs vir die persone wat die blokkiesraaisel invul bedoel nie, maar ook vir die tegniese persone wat die uitleg doen.

Ons vra graag om verskoning vir dié lesers wat tot hulle groot teleurstelling moes agterkom dat die leidrade sonder enige leidrade verdwyn het. Die volledige stel is op die volgende bladsy. Ons hoop om die oplossing in die volgende (regtig!) uitgawe te plaas.


Die tegniese versorgers

**AF:**

- 1 'n Stad wat hom nie wou bekeer nie (Matt. 11)
- 4 Moet versigtig wees met die aflê daarvan (mv)
- 5 Wat man was (gebrek) voor Jesus hom genees het en die Fariseërs gesê het Hy doen dit deur die owerste van die duiwels
- 7 God doen dit sodat ons nie verlore gaan
- 9 Lofgedig
- 10 'n Ander omskrywing vir die ewige lewe
- 12 “.. dit aan die jong geslag!”
- 13 Tipe stede wat jou lewe kon red
- 14 Die berg waarop Joshua die wet voorgelees het
- 15 Vader van Noag
- 17 Opgestane
- 18 Lengtemaat
- 21 Paulus het daarop gepreek
- 23 Ontferm
- 25 Broer van Kaïn
- 27 Dié sonde word deur God gestraf (Hebr. 10)
- 28 Juk
- 31 Jesus het daarop Jerusalem ingery
- 33 Wat jy nie aan jou lewe kan toevoeg nie
- 34 Wat Christene van God dra
- 36 Eerste
- 38 Deel van ons gebed
- 39 Erger as nougeset
- 40 Hy het veroorsaak dat Israel moes goud drink
- 41 'n Profeet
- 43 Die ware herder kom deur die ..
- 44 Seun van Josef
- 46 Sy het haar volk se lewe gered
- 50 Wat die mier nié is nie
- 52 Skeldnaam vir 'n dwaas
- 55 Binne

**DWARS:**

- 1 Dié weg is die verkeerde weg
- 2 Ek .. wat Ek ..
- 3 Spreuke praat baie van hulle
- 6 Hy en sy familie is daar gestenig
- 8 Johannes moes dit doen met 'n riet (Openb.)
- 9 Rut se buurvrou het hom 'n naam gegee
- 10 Hy het twee keer nie die stem herken
- 11 Hy kon Israel nie vervloek nie
- 16 Stad van spraakverwarring
- 19 Dissipel wat eerste 'n geloofsbelofte geformuleer het
- 20 In die plek van Isak
- 21 Vrou van Lameg
- 22 As 'n Efraimiet dit nie kon sê nie, is hy gedood
- 24 Heilige of bese
- 26 Onderrig
- 29 Die mensdom word verdeel daarin
- 30 Jairus was die .. van sy dogter
- 32 Mag nie volgens die 8ste gebod
- 35 Waar die lekkerste wyn gehou is vir laaste
- 37 Min
- 39 Einde
- 42 Drywende dieretuin
- 43 Dit moet versigtig gebruik word
- 45 Johannes was die .. uit die woestyn
- 47 Sy het die verkeerde vrug geëet
- 48 Dit is wat die Fariseërs met Jesus wou doen
- 49 Watter familielid van Isak het 127 jaar oud geword?
- 51 Hy het weggekrui toe hulle 'n koning wou kroon
- 53 Die rigting waarin Jesus gevaar het
- 54 Die son het bly staan vir ure/dae?
- 56 Stadjie deur Joshua verwoes
- 57 Lengtemaat
- 58 As eenheid



# GEDIG

Willemien Kleyn

*“Verbly jou o jongeling, in jou jeug, en laat jou hart  
jou vrolik maak in die dae van jou jonkheid”* - Prediker  
11:9a

Prediker kom baie keer oor as 'n negatiewe boek. Hy bevrageeteken die lewe en noem dit (menslik gesien) nutteloos. Nogtans sê die Prediker ook die bogenoemde woorde. Hy moedig die jeug aan om hul jeug te geniet omdat dit nie vir ewig is nie en sal vergaan (sien Prediker 11:9-12:8). Die volgende gedig is 'n soortgelyke aanmoediging om die jeug te geniet. Ons moet elke moment wat ons van God ontvang geniet.

Aan die ander kant, wys die laaste reëltye van die gedig op ons toekoms. Met ander woorde, alhoewel ons moet geniet, moet ons ook weet waarnatoe ons op pad is. Die Prediker sê dit nog duideliker as hy sê, *“Maar weet dat God jou, oor al hierdie dinge in die gerig sal bring.”* - Prediker 11:9c.

Geniet die dag!

## Die Jeug Keer nie Terug nie

Ek weet dat ek gaan mis  
Dit wat hier vandag is,  
Maar die lewe dit moet aangaan,  
Die lewe, dit kan nie stil staan.  
Dus geniet dit wat jy vandag het,  
Wees vrolik, en maak pret.  
Wees bly en jouself verheug  
In die dae van jou jeug.  
As jy dan eendag van jou vriende moet skei  
Sal jou geheue nog steeds met jou bly.  
En as jy dan eendag terug kyk op vandag  
Sal jy nog steeds daarvoor kan lag.  
En so gaan jy voort,  
Totdat jy bereik die hemelse poort.

## VERJAARSDAE!

### Johannesburg

Talita Boessenkool	4 Okt
Celeste Boessenkool	11 Okt
Marie-Louise Kuyvenhoven	17 Okt
Henk Bijker	30 Okt
Dirk Bijker	22 Nov

### Kaapstad

Jan Geerts	12 Okt
Annemarie Eefting	13 Okt
Floris Antonides	17 Nov
Arjan van der Lugt	22 Nov
Hermie Kooyman	23 Nov

### Maranata

Arnold Eilers	7 Okt
Annemarie de Vente	12 Okt
Marinus Boon	15 Okt
Johan de Vente	16 Okt
Yolanda Sterk	17 Okt

Antoine Theron	20 Okt
Johannes Bosman	26 Okt
Joanne van der Klooster	28 Okt
Ronél de Vente	8 Nov
Albert Bouwmeester	11 Nov
Cora Visser	16 Nov
Juan Botha	22 Nov
Sietse van der Meulen	24 Nov
Regina van den Bout	30 Nov

### Pretoria

Adriaan Aartsma	5 Okt
Rinus Kamphuis	5 Okt
Erik Bosker	9 Okt
Tineke de Vries	15 Okt
Jolandi van der Weide	9 Nov
Albert-Jan Zielman	12 Nov
Johan Bijker	15 Nov
Anita Spies	23 Nov

Sperdatum vir reaksies en artikels vir die  
volgende uitgawe: 15 Oktober 2000



